Verwysing: 20200128-3716
Lêernommer: 12/2/10/3
Navrae: M Wiese

Kennis-en-inligtingsbestuursminuut: 0005/2020

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, VKO-bestuurders en Prinsipale van VKO-sentrums

Onderwerp: 2020 WKOD-jaarlikse opname vir openbare en onafhanklike VKO-sentrums

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se jaarlikse opname vir vroeëkindontwikkeling- (VKO)-sentrums sal op **03 Maart 2020** (1ste Dinsdag in Maart) afgehandel en deur die prinsipaal op SOBIS afgeteken word. Prinsipale moet die korrektheid van leerder- en opvoederdata op SOBIS afteken. VKO-bestuurders moet die data van die jaarlikse opname teen die sperdatum op **13 Maart 2020** afteken.

2. Maak asseblief seker dat die volgende korrek op SOBIS weergegee word voordat dit op **03 Maart 2020** afgeteken word:
   a) Alle leerders wat vir 2020 geregistreer is en die sentrum bywoon, moet in hul korrekte grade, klasse en taal van leer en onderrig (TLO)-kategorie verskyn.
   b) Leerders se huistale moet nagegaan en bygewerk wees.
   c) Leerderoorplasings (in en uit) moet voltooi wees.
   d) Die lys van opvoeders/praktisyns op SOBIS, asook hulle ondervinding en grade en vakke wat gedurende 2020 onderrig word, moet bygewerk en bevestig wees (verwyder grade en vakke wat voorheen onderrig is).
   e) Prinsipale moet seker maak dat die leerdergetalle wat vasgelê is, korrek is, aangesien die wanvoorstelling van leerdergetalle as bedrog beskou word.
   f) Alle vertoon- en vasleggingskerms en foutverslae moet bevestig word voor die aftekenafdeling van die opname beskikbaar sal wees.

3. Om met die bevestiging van leerder- en opvoederdata by die skool te help, is 'n aantal foutverslae op SOBIS beskikbaar om prinsipale leiding te gee oor die korrektheid van die bestaande data wat vasgelê is.

4. 'n Nasionale identiteitsdokumentnommer (ID-nommer) is verpligtend vir alle leerders op alle gerekenariseerde skooladministrasie- en bestuurstelsels. 'n SOBIS-verslag is beskikbaar om leerders sonder ID-nommers te identifiseer en om die vaslegging van

ontbrekende ID-nommers te vergemakilk. MOENIE 'n ongeldige ID-nommer vaslê as 'n leerder nie in besit van 'n geldige ID-nommer is nie. Adviseer asseblief ouers oor die proses om vir 'n ID by die Departement van Binnelandse Sake aansoek te doen. Prinsipale word versoek om waar moontlik, ouers te help om die proses deur die Departement van Binnelandse Sake te vergemaklik.

5. Indien u enige probleme met die voltooiing van die opname ondervind, kom asseblief in aanraking met die tersaaklike VKO-bestuurder of programadministrateur wat ondersteuning bied in die lys hieronder:

DISTRIK	KONTAKPERSOON	AMPSTITEL	TELEFOON NOMMER	E POS ADRES
Kaapse Wynland	Jaclynn W Ambraal	SPA	023 348 0656	Jaclynn.Ambraal@westerncape.gov .za
	Ferrin S Stellenboom	SPA	023 348 0661	Ferrin.Stellenboom@westerncape.gov .za
	Denise Wesso	VKO-bestuurder (Opsiener)	023 348 4653	Denise.Wesso@westerncape.gov .za
Eden en Sentrale Karoo	Royston Booysen	SPA	044 803 8314	Royston.Booysen@westerncape.gov .za
	Isabel Da Silv a	SPA	044 803 8314	Isabel.DeSilv a@westerncape.gov .za
	Lucretia Roux	VKO-bestuurder	044 803 8335	Lucretia.Roux@westerncape.gov .za
Metro-Sentraal	Vacant	SPA		
	Yondela Mbalo	SPA	021 514 6946	Yondela.Mbalo@westerncape.gov .za
	Vacant	VKO-bestuurder		
Metro-Oos	Luciano Brummer	SPA	021 900 7099	Luciano.Brummer@westerncape.gov .za
	Sisipho Mbananga	SPA	021 900 7221	Sisipho.Mbananga@westerncape.gov .za
	Michelle Liedemann	VKO-bestuurder	021 900 7221	Michele.Liedeman@westerncape.gov .za
Metro-Noord	Lindsay De Kock	SPA	021 833 5483	Lindsay.DeKock@westerncape.gov .za
	Zane Ackerman	SPA	021 833 5483	Zane.Ackerman@westerncape.gov .za
	Zaida Van Der Berg	VKO-bestuurder	021 938 3013	Zaida.v anderBerg@westerncape.gov .za
Metro-Suid	Zaakirah Brown	SPA	021 370 2017	Zaakirah.Brown@westerncape.gov .za
	Jodie A Paulsen	SPA	021 370 2122	Jodie.Paulsen@westerncape.gov .za
	Carmen Niekerk	VKO-bestuurder	021 370 2004	Carmen.Niekerk@westerncape.gov .za
Ov erberg	Jadean Wildschut	SPA	028 214 7422	Jadean.Wildschut@westerncape.gov .za
	Thato Raphoto	SPA	028 214 7330	Thato.Raphoto@westerncape.gov .za
	Lynn le Grange	VKO-bestuurder	028 214 7378	Lynn.LeGrange@westerncape.gov .za
Weskus	Garen Petersen	SPA	021 860 1268	Garen.Petersen@westerncape.gov .za
	Keziah Roelf	SPA	021 860 1269	keziah.roelf@westerncape.gov .za
	Sally Meyer	VKO-bestuurder	021 860 1202	Sally.Meyer@westerncape.gov .za

6. Prinsipale moet die jaarlikse opname se prosesse koördineer om die korrektheid van datavaslegging en tydige afhandeling te verseker, en dit afteken.

7. Die Direktoraat: Kennis-en-inligtingsbestuur sal nakoming en die datakwaliteit van alle jaarlikse opnamevoorleggings monitor en sal enige gevalle van nienakoming, ongerymdhede en data-tekortkominge by die Hoof van Onderwys aanmeld.

8. Onafhanklike VKO-sentrums word daaraan herinner om hulself te vergewis van hul registrasievoorwaardes. Let asseblief daarop dat voldoening aan die WKOD se datavereistes deel vorm van hierdie voorwaardes en nienakoming kan tot deregistrasie lei.

9. Die WKOD waardeer die bydrae en toegewydheid van alle onderwysamptenare en sien uit na u voorgesette samewerking in 2020.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2020-02-14